Verwysing: 20170131-7831
12/2/10/3
Navrae: J Pheiffer

Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0002/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes

Onderwerp: 2017 Kitsopname vir skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes

1. Die WKOD se kitsopname van skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes sal op 07 Maart 2017 gehou word. Prinsipale sal versoek word om die akkuraatheid van leerderdata op SOBIS af te teken. Die opname sal vanaf 23 Februarie 2017 aan skole beskikbaar wees. Maak asseblief seker dat die volgende teen **07 Maart 2017** korrek op SOBIS weergegee word.

1.1 Leerders is in die korrekte grade, klasse en taal-van-leer-en-onderrig- (TLO) kategorie.
1.2 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.
1.3 Inligting oor leerdergestremdhede is korrek.
1.4 Opvoederinligting is korrek.
1.5 Graadveranderings is voltooi.
1.6 Alle vasleggingskerms is voltooi.

2. Leerderondersteuningsbestuurders (GLOO-hoofde) word versoek om teen 22 Maart 2017 op die Kitsopname af te teken.

3. As die institusionele OBIS-beampte moet die prinsipaal die dataprosesse bestuur om te verseker dat bewys van verifikasie en die handtekeninge van personeel wat gedelegeer is om die data te kontroleer, op versoek van ouditeurs getoon kan word. Vir meer inligting, verwys asseblief na Kennis-en-inligtingsbestuursminuut 0003/2012.

4. Daar sal van hospitaalskole verwag word om 'n drukstuk van die opname te voltooi. Die opname sal direk aan skole verskaf word.

5. 'n Nasionale Identiteitsnommer (ID) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar

om leerders te identifiseer wat nie identiteitsnommers het nie en om die vaslegging van ontbrekende identiteitsnommers te fasiliteer. Adviseer asseblief die ouer oor die proses om vir 'n ID via die Departement van Binnelandse Sake (verwys na Omsendbrief 0008/2014) aansoek te doen indien die leerder nie in besit van 'n geldige ID-nommer is nie. Waar moontlik, word prinsipale versoek om die ouers by te staan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer.

6. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ervaar word, kan die tersaaklike distriksamptenaar gekontak word:

DISTRIK	DISTRIKS- SOBIS-ADMINISTRATEUR	TELEFOON-NOMMER	E-POS
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden	023 348 0635	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Yvonne Ngwane Ayabulela Pinzie	044 803 8346 044 803 8367	yvonne.ngwane@westerncape.gov.za ayabulela.pinzie@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7180 021 900 7181	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Anecia Conradie	021 938 3039	anecia.conradie@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Overberg	Japie Bailey	028 2147 300	japie.bailey@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za

7. Prinsipale moet die prosesse van die kitsopname koördineer om die akkuraatheid en tydige voltooiing daarvan te verseker.

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2017-02-16